# VERANDER JOU WÊRELD

## Deel 1 – Sout en Lig

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Was jy as kind bang vir die donker? Wat het daartoe aanleiding gegee, indien wel? Is jy 'n persoon wat ekstra sout op kos gooi? Vertel jou groep.**

**Wonder jy soms of jou lewe 'n verskil maak? Wonder jy soms oor die sin vir die lewe, en of die lewe wat jy leef genoeg is? Wat het jy gevind gee aanleiding tot hierdie vrae in jou lewe?**

**Wat dink jy is aanduidings in mense se lewens dat hulle wonder oor hulle doel op aarde? Met ander woorde, watter dinge doen en sê die mense wat nie seker is oor hulle doel in die lewe nie?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Matteus 5:13 en Lukas 14:34-35. Noem 'n paar dinge wat jy dink Christene doen wat maak dat mense nie meer notisie van hulle neem nie, of hulle as skynheilig sien. Wat is die dinge wat keer dat Christene 'n impak kan maak?**

---

---

---

**Dink jy dit is moontlik dat 'n Christen weer 'n impak kan maak indien hy/sy eens sy/haar reputasie verloor het? Met ander woorde dink jy dit is moontlik vir 'n persoon om weer sout te wees as dit eers verslaan het? Verduidelik.**

---

---

---

**Johannes 14:6 en 1 Johannes 5:11-12. As jy kyk na jou gebede en gesprekke die afgelope maand, sou daar bewyse wees dat jy oortuig is van hierdie verse soos jy met mense werk? Met ander woorde, het jy gesoek na geleenthede om Jesus op die tafel te sit, en het jy gebid vir ongelowiges? Verduidelik jou antwoord.**

---

---

---

**Kolossense 4:3-5. Sou jy jouself as 'n persoon beskryf wat op die uitkyk is vir geleenthede om die evangelie van Jesus te verkondig deur dit wat jy sê en doen? Hoe sou jy dit verander? Verduidelik.**

---

---

---

**1 Petrus 3:15. Sou jy sê jy is altyd gereed om 'n antwoord te gee? Wat beteken dit om gereed te wees om 'n antwoord te gee? Hoe kry 'n mens jouself gereed?**

---

---

---

---

**Romeine 15:1-3. Op watter manier is jy ingestel om ander mense te help groei in hulle geloof en om Jesus te leer ken? Hoe dink jy kan 'n mens ingestel bly op wat goed is vir ander mense?**

---

---

---

**Lees Romeine 2:4. Wat lei mense na bekering volgens hierdie vers? Vir wie kan jy hierdie week goed wees? Wat gaan jy fisies vir daardie persone doen om God se goedheid te wys? Hoe kan julle as groep saamwerk? Deel jou gedagtes met jou groep.**

**Wie is die persone in jou lewe wat nog nie vir Jesus ken nie, vir wie julle hierdie week kan bid? Hoe kan jy Kolossense 4:2-6 toepas in jou gebede vir hierdie mense?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**